# Die Water is so naby; hoekom bly jy so dors?

**Belewenisse van vervulling**

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 24 Mei 2026

Verlede week het ons gekyk na die "Bevele vir Volgelinge." Ons het gesien dat die wandel met die Heilige Gees nie iets is wat bloot met jou "gebeur" terwyl jy passief opsy staan nie. Die Skrif het ’n oorvloed van aktiewe opdragte: "Wag op My," "Kom na My toe," "Soek My."

Die kern van verlede week se boodskap was dat daar ’n voorbereiding van die hart is—’n posisionering van die binneste—wat nodig is om die nabyheid van die Gees te ervaar. ’n Aktiewe afhanklikheid. Vandag is ons besig met die noodsaaklike tweede helfte van dieselfde gesprek. As verlede week gegaan het oor die "soek," gaan dit vandag oor die "vind." As dit verlede week gegaan het oor die "bid," gaan dit vandag oor die "ontvang." Eers die opdrag en gehoorsaamheid en dan die vervulling en die belewenis.

Kyk hoe Jesus gesê het:

**Lukas 11:13**

As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?

Die moed en vertroue om te vra, die getrouheid van God om te gee...

## Fanatisme, emosionalisme—Is Geesvervuldheid vreemd?

Dis baie jammer dat daar dikwels ’n vreemdheid daaraan kleef as ’n mens praat van beleweniss met die Heilige Gees. Soms dink mense aan die Heilige Gees as die "eksotiese" lid van die Drie-eenheid. Die Vader is Skepper, die Seun as Verlosser, maar die Gees is meer van ’n vreemde mistieke entiteit. Vir baie mense voel ’n "ervaring met die Gees" na iets is waarna mense soek wat oorafhanklik is van emosionele krukke. Mense wat dink dat buitengewone, selfs onverklaarbare manifestasies hulle sal help om met hulle onsekerhede en insekuriteite te deel. Of soms gryp mense na die vreemde, onverklaarbare omdat hulle daarin ’n soort status sien, ’n verhewe geestelikheid waarvan gewone mense nie weet nie, “Ek was ook waar jy is, in die gewone vlakwaters van geloof wat met die verstand verklaar word. Ek is klaar daarmee. Jy sal nog kom by hierdie dieptes...”

Maar in die Nuwe Testament is die wandel met die Gees die mees "normale" ding vir ’n volgeling van Jesus. Dit is die gewone, die daaglikse. Dit is nie ’n opsionele ekstra vir die "spirituele elite" nie; dit is die standaardtoerusting vir elke Christen.

Die geestelike lewe gaan nie oor "buitengewone ervarings" nie, maar oor die "transformasie van die gewone." Menslike ervaring, die gewone lewe, deurweek word met God se teenwoordigheid, God se manier, God se goedheid.

Geestelike ervarings behoort nie vreemd te wees nie, dis die natuurlike habitat van die gelowige. Ons, ons menslike, alledaagse lewe, is ver van gewoon af, dis ongewoon in die verkeerde sin. Motiewe, vrese, selfsug. Die Heilige Gees wil die hierdie ongewone lewe herstel. Deurweek met God se manier, die gewoonheid van hoe Hy is.

Wanneer jy na die Skrif kyk, sien jy dat God ’n God van orde is.

**1 Korintiërs 14:33**

Want God is nie ’n God van wanorde nie, maar van vrede...

Vreemdheid of chaos is nie ’n kenmerk van die werking van die Gees nie, vrede en ored is. As jy dink die Heilige Gees is "vreemd," is dit dalk omdat jy Hom nog nie leer ken het as die Een wat nader aan jou is as jou eie asem nie.

In die vroeë kerk was die teenwoordigheid van die Gees so tasbaar dat hulle nie eers daaraan gedink het om kerk te wees sonder Hom nie. Vir hulle was dit vreemd as iemand sê hulle glo, maar niks van die krag van die Gees weet nie. Dink aan Paulus. Hy vra vir dissipels in Efese ...

**Handelinge 19:2**

Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?

Paulus vra nie na hulle sieninge en leerstellings nie; hy vra na ’n belewenis, ’n gebeurtenis, ’n werklikheid wat hulle lewens moes verander het.

Belewenis is nie die teenoorgestelde van waarheid nie; dit is die brandstof van waarheid. Sonder belewenis word jou geloof ’n dorre ideologie. Met die belewenis van die Gees word jou geloof ’n verhouding met die Lewende God.

## Die rykdom van belewenisse met die Gees

Vandag, op Pinkstersondag, kom ons stel onsself weer oop vir die tipe ervarings waarvan ons in die Nuwe Testament lees. Want dis nie net geskiedenis nie; dis ons erfenis. Hoe kan die belewenisse waarvan ek lees ook deel van my lewe word? Kom ons dink net aan ’n paar belewenisse waarvan ons lees—daar is natuurlik baie meer as hierdie.

- **Die belewenis van die "Vervulling"**

**Handelinge 2:4**

En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

“Vervul” is ’n woord wat letterlik dui op ’n eksterne bron wat ’n houer binnedring en dit tot oorloop toe vol maak. Dis belangrik om te onderskei tussen die "inwoning" van die Gees by bekering en die "vervulling" vir transformasie en diens. In die antieke wêreld is die woord “vervulling” dikwels gebruik vir die wind wat die seile van ’n skip vul. Die skip het die kapasiteit om te seil, sy seile kan slap hang in die wind, maar eers as die seile gespan word en die wind die seile "vervul," kan die skip seil. Die seilie kan in die wind wees, maar nie vervul met die wind nie ...

Soms ervaar ’n mens dat jou lewe "vasgeval" het. Jy doen die regte dinge, maar daar is geen momentum nie. Dis ’n seisoen vir dieper delf, wag, soek, doelbewuste oorgawe, openheid. Vir ontmoeting, volword. Vir die wind om die seile van jou hart te vul. Vir ’n nuwe hoofstuk. ’n Nuwe seisoen. In so ’n wagtyd vra ons die Gees om ons prioriteite en jou woorde oor te neem, om die soeklig op ons lewe te skyn. Soos die dissipels toegelaat het dat die Gees hulle spraak beheer. Het jy dit al beleef? Om na ’n seisoen van desperaatheid, wag, toewyding, ’n draaipunt te beleef? Na worsteling, gebed, beleef jy ontmoeting, en volword, oorvloei ... Die wete die Here is hier, en Hy help my.

- 

**Die belewenis van Kindskap en Sekerheid**

**Romeine 8:15-16**

Want julle het nie ontvang ’n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.

’n Baie intieme belewenis. Die woord "Abba" is ’n term van diep, kinderlike vertroulikheid.

Sielkundiges praat van **“attachment theory.”**

- **Secure attachment:** Waar die individu die versorger as ’n veilige basis ervaar.
- **Insecure-avoidant/ambivalent attachment:** Wat lei tot konstante angs of emosionele afstand.

As ’n kind nie ’n secure attachment met ’n ouer het nie, is die hele onderbou van sy psige onvas. Paulus sê die Heilige Gees kom doen ’n diep geestelike attachement, ’n hegting, om die "gees van slawerny” te verwyder. "Gees van slawerny:” om beheer te word deur onderliggende vrese, onvastigheid, onsekerheid, angste, bedreigings, emosies. Die Heilige Gees vervang dit met die belewenis van aanneming: veiligheid, heelheid, bemindheid, aanvaarding.

In oomblikke van ontmoeting, bring die Heilige Gees bring weer en weer ’n bewustheid van sekerheid, veiligheid, aanvaarding.

O jy kan dit glo en begeer ... te midde van krisisse, wanneer alles om of in jou wankel ... daardie

stem, dieper as jou eie emosies en gedagtes wat jou verseker: “Jy het ’n Vader. Jy is Syne. Hy is joune."

Dis meer as ’n emosie; dis die wesenlike effek van ontmoeting. Die Heilige Gees wat jou in jou diepste wese oortuig, jou versterk met ’n krag wat jou identiteit aanhoudend terugskuif om gevorm te word deur die fundamentele oortuiging van jou diepste werklikheid: “God is my Vader, ek is sy kind. Hy is hier. Ek is veilig.”

Miskien het jy so ’n ontmoeting met die Gees nodig ...

- **Die belewenis van "Bonatuurlike Vrymoedigheid"**

**Handelinge 4:31**

En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.

Hierdie verse wat praat van vervulling met die Gees verwys nie na die eerste belewenis op Pinksterdag nie. Hierdie vervulling is later, by ’n ander geleentheid. Die belewenis van vervulling in die Nuwe Testament was nie eenmalig nie.

Hier is die plek weer geskud, ’n woord wat kan verwys na wind of selfs ’n aardbewing ... ’n uitsonderlike fisiese manifestasie, maar die eintlike belewenis was innerlik: Die dissipels ontvang ’n nuwe *“vrymoedigheid,”* ’n baie interessante woord— ’n woord wat gebruik is vir die reg van ’n vrye Romeinse burger om onbevrees sy mening te mag lig. Die Gees gee jou as’t ware die "burgerreg" van die koninkryk.

Ons almal voel soms geïntimideerd, of skaam of onbevoeg. Dalk om vir iemand te bid. Of in ’n gesprek jou ware geloofsoortuiging te deel. Of om op te staan teen iets wat nie reg is nie. Of om iemand na ’n diens toe te nooi. Of van Jesus te vertel. Die belewenis van die Gees breek hierdie verlamming. Dit is nie dat jy skielik ’n ekstrovert word nie; dit is dat die saak van God groter word as jou vrees vir mense. Die Gees bring ’n "heilige dringendheid." As jy jouself vind waar jy dinge doen vir God wat jy nooit gedink het jy kan doen nie, beleef jy die vervulling van Handelinge 4.

- **Die belewenis van "Die Geestelike Tale"**

**(1 Korintiërs 14:2, 4, 14)**

Want hy wat in ’n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God ... hy wat in ’n taal spreek, stig homself ... Want as ek in ’n taal bid, bid my gees ...

Mense is soms lugtig vir hierdie belewenis. Miskien weens die idee dat sulke ervarings verby is, nie meer vir vandag is nie. Of dalk weens ’n ervaring in ’n geloofsgemeenskap waar daar ’n druk toegepas is dat as jy nie hierdie ervaring het nie jy nie vervul is met die Gees nie.

’n Paar opmerkings. Eerstens, dit wat op Pinksterdag gebeur het is nie waarvan Paulus hier praat nie. Toe die Gees uitgestort is op die dissipels in die bovertrek het hulle in bekende tale

gepraat wat hulle nie geken het nie. Hulle het met mense gepraat van oor die hele bekende wêreld in elkeen se eie taal, en drieduisend mense het daardie dag tot bekering gekom. Ons lees nie weer in die Nuwe Testament van so iets nie, maar ek het al verhale van sendelinge gelees wat dit ervaar het.

Wat Paulus hier beskryf is iets wat in gebed gebeur. Hy sê iemand speek tot Godin ’n taal wat die bidder self nie verstaan nie. En die bidder word gestig. “Stig," ’n woord wat letterlik beteken “om ’n gebou op te rig.”

’n Gawe vir jou persoonlike innerlike versterking. Dis nie bedoel vir vertoon nie, maar vir intimiteit. Die belewenis "om tot rus te kom in God" wanneer woorde opraak. Wanneer jou hart te vol is van hartseer of te vol van dankbaarheid vir gewone taal, gee die Gees vir jou ’n taal. Moenie hierdie belewenis weggooi as gevolg van slegte voorbeelde wat jy dalk gesien het nie. Ek beleef dit as ’n kosbare gawe.

- **Die belewenis van "Goddelike Leiding"**

**Johannes 16:13**

Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei...

Dis wonderlik wat Jesus hier beloof. Die Griekse woord vir "lei" word gebruik ’n gids wat vooruit loop op ’n pad. Jesus praat nie van ’n blote oordrag van inligting nie, of selfs van opdragte nie, “Maak so, doen so, nie so nie ...” maar van die belewenis iemand vergesel jou. Hy help jou om die waarheid te leef, te loop. In Handelinge 8:26 verskyn ’n engel aan ’n prediker met die naam Filippus en sê hy moet na ’n seker pad toe gaan. Filippus kom daar aan. Hy sien ’n man op ’n wa ry. Kyk wat sê

**Handelinge 8:29**

Toe sê die Gees vir Filippus: Gaan daarheen en bly by daardie wa.

Die man is besig om uit Jesaja te lees. Filippus lei hom na die Here toe en doop hom net daar.

In Handelinge 10 is Petrus besig om te bid. Dan het hy ’n viseon van onrein kos wat hy moet eet.

En dan weer praat die Gees met hom ...

**Handelinge 10:19-20**

19En terwyl Petrus nadink oor die gesig, sê die Gees vir hom: Daar is drie manne wat jou soek.

20Staan dan op, klim af en gaan saam met hulle sonder om te twyfel, want Ek het hulle gestuur.

Moet ons frons as iemand vandag van so ’n ervaring vertel? Of moet ons begeer om die stem

van die Heilige Gees in ons hart te begin hoor?

Is sulke dinge verby? Het jy dalk al 'n droom gehad en geweet die Here wil hê jy moet iets doen? En hoekom moet "Toe sê die Gees vir Filippus/Petrus ..." vir ons iets vreemds wees. Daardie wete jy moet nou vir iemand begin bid, iemand bel, iets weggee...

Dit sal nie altyd ewe ingrypend wees, soos hier waar die eerste heidene tot bekering moes om nie. Maar in jou daaglikse lewe is die belewenis van die "innerlike kompas," van die Heilige Gees altyd daar. Hy lei jou, soos iemand wat saam met jou loop. Jy sit in 'n vergadering en skielik kry jy 'n oortuiging oor 'n sekere rigting. Dit is nie jou eie verbeelding nie; dit is die belewenis van die Gees se leiding. Hoe meer jy hierdie belewenis gehoorsaam, hoe skerper word jou geestelike gehoor. Dit maak jou lewe 'n avontuur van wandel met die Gees, die ervaring van hoe God in jou daaglikse lewe dáár is.

Soos ek gesê het, baie ander belewenisse van die Gees word in die Nuwe Testament genoem. Mag ons die Skrif lees met 'n nuuskierigheid, 'n soeke, en 'n openheid. Dit waarvan ons lees is nie geskiedenis nie, dis ons erfenis ...

## Hoekom belewenisse met die Gees? Lewe en Getuienis

Ervaring en belewenisse is nie 'n gelowige se einddoel nie. Ervaring is die brandstof, nie die bestemming nie. Vervulling met die Gees het altyd te doen met twee pilare wat onlosmaaklik aan mekaar verbind is: hoe jy lewe en hoe die Here jou gebruik.

### Pilaar 1: Hoe jy lewe (Innerlike Transformasie)

Die Heilige Gees is die ***"Heilige"*** Gees. En sy eerste werk is om jou heilig en heel te maak. Om die die beeld van God in jou te herstel. So beskryf Jesus die Heilige Gees ...

**Johannes 16:13**

wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei ...

Iemand wat ons altyd na waarheid toe neem. Die leuens wat ons soms oor onsself glo. Hy ontmasker dit. Die bitterheid wat my siel soms vergiftig.

Daar is 'n diepte in die menslike wese waar geen menslike poging kan bykom nie. Om vervul te word met die Gees, ontmoetings met die Gees, bring 'n nuwe kapasiteit vir ware vreugde. Nie die goedkoop geluk van omstandighede nie, maar die diep heelheid en vreugde van waarheid.

Paulus praat van 'n ervaring wanneer jy jou las van bekommernis en behoefte na die Here te bring. Die bekende verse in ...

**Filippense 4:6-7**

6Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Dis wat die Heilige Gees bring. ’n Belewenis wat jou logika weerspreek. Die lewe bring sy storms, finansies, gesondheid, stryd, maar tog ontvang jy weer en weer ’n heilige kalmte. Die Gees van Waarheid sê dat daar meer aan die gang is as wat jy sien. Hy lei jou in sy hoër waarheid. Hy hou wag oor jou.

Ontmoetings met God. Ervarings van nuwe innerlike krag.

En Paulus sê dit begin vorm jou ...

**Galasiërs 5:22**

... die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

"Geestelike landbou"—God wat Sy karakter in die grond van jou wese saai deur die Heilige Gees. Ek bid hierdie feitlik elke dag van my lewe. En afhangend waar ek is in my gemoed, verhoudings of omstandighede voel ek hoe sekere van hierdie eienskappe dringend nodig het om sterker te word. O, hoe nodig het ek nie die Heilige Gees om my te vorm nie.

**Pilaar 2: Hoe die Here jou gebruik (Getuienis)**

Die Heilige Gees vul jou nie net vir jou eie onthalwe nie. Hy vul jou sodat jy kan oorloop na ander.

**Handelinge 1:8**

... julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees

’n Getuie ... dieselfde woord wat in ’n hof gebruik word. Die Heilige Gees gee jou krag om ’n bewysstuk te word van die die waarheid van die Evangelie dat God sondaars kan red. Jy is self die bewysstuk.

Dink aan die metafoor van die skip by die Amasonerivier waarvan ek voorheen gepraat het. Die matrose was besig om te sterf van die dors terwyl hulle omring was deur vars water, omdat hulle gedink het hulle is nog in die sout water van die oseaan. Die vars water was daar om hulle lewens te red, maar toe hulle gedrink het, was hulle weer in staat om die seile te hanteer, om die skip te stuur, en om hulle missie te voltooi.

God gee nie vir jou Sy Gees sodat jy ’n geestelike "junkie" kan word wat van een emosionele ervaring na die volgende jaag nie. Hy gee Sy Gees sodat jy die hande en voete van Jesus in ’n stukkende wêreld kan wees. Hoe meer jy toelaat dat die Gees jou vul, ontmoet, aanraak, met jou praat, hoe meer sal jou oë en hart en beursie en dagboek aangeraak word.

Die Heilige Gees vul jou met ’n "heilige onrus" vir die nood van ander. Het jy dit al beleef? Jy sit jou hand op iemand se skouer en bid vir hom of haar. En skielik weeet jy jy ervaar ’n teenwoordigheid, ’n krag, wat nie jou eie is nie?

## ’n Lewe in hierdie wêreld, krag van ’n ander ...

Hierdie soort lewe is binne bereik. Maar ’n wandel met die Gees gebeur nie in ’n vakuum nie; dit gebeur in die verloop van die lewe en sy uitdagings.

2 Korinthiërs 12. Paulus het vir ’n lank tyd reeds ’n intense probleem, ’n diep kwelling—’n doring in die vlees, ’n engel van die Satan, sê hy. En hy skryf hy het die Here drie maal gesmeek om dit weg te neem. ’n Gebedsworsteling. Toewyding, afhanklikheid. En toe, is daar ’n ontmoeting, ’n antwoord, ’n boodskap "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring" Die Gees ontmoet hom, vul hom, en al word die probeem nie verwyder nie, is daar ’n innerlike krag om te volhard. Vrede te midde van pyn.

Kyk na hierdie ervaring ...

**Handelinge 16:6-7**

6En hulle het deur die land Frígië en Galásië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die woord te verkondig.

7En toe hulle by Mísië kom, het hulle probeer om na Bithínië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie.

Gewone menslike frustrasies soos joune. Dinge loop nie volgens plan nie. Deure word toegeslaan. Maar Paulus, in frustrasies, miskien was hierdie selfs ’n fout, tog is hy oop vir die Gees, wandel met Hom, ontmoet met hom, en verander koers.

En dan kom daar ’n ingryping:

**Handelinge 16:9**

En Paulus het ’n gesig in die nag gesien—daar staan ’n Macedóniër wat hom smeek en sê: Kom oor na Macedónië en help ons!

Die gevolg van hierdie ervaring met die Gees is ’n nuwe sekerheid, sukses...

**Handelinge 16:10**

... ons [was] versekerd [...] dat die Here ons geroep het om die evangelie aan hulle te verkondig.

O dieselfde Heilige Gees kan jou lei in jou gewone frustrasies, planne, doodloopstrate. Jy kan met Hom wandel ...

Ons sluit af met ...

## Drie Waarskuwings

Hierdie wandel met die Gees is nie opsioneel nie. ’n Openheid vir die Gees is die enigste pad van volgelingskap wat die Nuwe Testament ken. Niemand kan bekostig om hierdie verhouding skade te laat lei nie.

Daar is drie groot waarskuwings in die Skrif wat praat oor ons houding teenoor die Gees:

### 1 Tessalonisense 5:19

Blus die Gees nie uit nie

Om sinies te raak oor die Heilige Gees se werking. Om jouself toe te maak vir sy leiding omdat jy nie kans sien vir die impliksies nie, of te selfversekerd is, of bloot gemaklik ... en tye van soek en hunker verwaarloos. Die vlam begin al hoe swakker brand, geleidelik miskien, maar die koue eensaamheid wag as die vuur eers weg is. ...

- ### Handelinge 7:51

Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees...

O die donkerte. Om doelbewus jou wese te verhard. Ek hoop nie jy is op so ’n plek nie. Hoor vandag, vir die hrdste hart is daar ’n kans om om te draai.

Maar wat my verbyster is ...

### Efesiërs 4:30

En bedroef nie die Heilige Gees van God nie ...

’n God wat sensitief is vir die atmosfeer van my hart. Om te dink my keuses vir onheiligheid, kan Hom, die Skeppergees, die Almagtige, Ewige God, bedroef.

Kom ons gebruik die nagmaal met hierdie gebed van Dawid toe hy die Gees bedroef het op ’n pad wat begin het deur na ’n vrou te kyk wat nie syne was nie ...

### Psalm 51:12

Skep vir my ’n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ’n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.